

**16 Julie**

**Genesis 13:1-18**

(Teks: 13:10)

***Oë deur God verlig, 'n hart deur sy Gees vervul***

In Efesiërs 1:18 is die bede dat die oë van ons hart verlig mag word om te begryp wat die hoop van ons roeping is en hoe heerlik ryk God se erfporse is.

Die oog is die poort tot die hart.

Probleme begin gewoonlik by die sigbare dinge, by die verkeerde kyk na die dinge. Goud en silwer word my lewensruimte. Ek word so groot dat daar nie meer plek vir God en my naaste is nie. Die lewe word nou "teen": teen God, teen my naaste.

Neem as voorbeeld die twis tussen Abram en Lot se veewagters. Hier kry ons twee reaksies: die menslike en die Godgevormde.

Lot is 'n toonbeeld van die menslike. Hy sien slegs sy eie toekoms. In die krisis wys Job die kleure van die mens: selfsug. Hy is maar 'n geloofs-meeloper. Hy wil graag die seëninge van God ontvang, maar wil nie die seënende God self aanvaar nie.

Sy oë verlustig hulle in die vet van die wêreld. Wat 'n tragedie! Dit is besmet met sonde en is reeds opgeskryf vir verwoesting.

Wat is die reaksie van Abram, gevorm deur die Woord van God, gevorm deur sy werke, nog kort te vore in Egipte? Abram gee ruimte vir Lot. Lot mag eerste kies. Hy kies die oostekant. God gee deur sy Woord ruimte in alle rigtings. Ja, veel wyer as wat die oog kan sien.

Die Bybel is vir baie mense te klein. Maar God proklameer 'n reuse lewensruimte deur Jesus Christus, die Vors aan wie die eindes van die aarde behoort (Ps. 2:8).

Die oog is die poort tot die hart. Lees u Bybel. God vul u hart met die Gees van Christus. Dit is 'n lewe veel wyer as wat die oog sien, veel heerliker as wat die wêreld kan bied.

Mag God die oë van u hart verlig.

Sing Psalm 119:12 Ds. C.A. Jansen (Bloemfontein-Suidheuwels)